

So kom ons aan die einde van die eerste kwartaal van 2020. Dit was 'n wonderlike en opwindende wegspring van die nuwe dekade. Voor die einde van hierdie dekade, Oktober 2026, vier ons die kerkgebou se honderdste verjaarsdag. Teken solank die datum aan!

Ons het al gepretsap, deur Levitikus gelees en al die bedienings is aan die gang. Ons het reeds baie nuwe en inspirerende stories gehoor en mense ontmoet. Al die getroues is terug en versorging van ons mense bly ons grootste vreugde. Ons nader Paasfees met nederigheid, omdat die grootsheid van wat ons herdenk ons diep raak. Om voor te berei vir Paasaweek is die koor reeds aan die oefen vir die Paassangdiens. Die Paassangdiens se tema is 'God met ons'. Vanjaar is hierdie diens op 05 April, die naweek voor die Paasaweek.

Ons het gedink om in hierdie brief te reageer op die bespiegeling in die media wat die NGK in haar breër verband verwar. Ook hier by ons bring dit tog ook vrae van wat die kerkraad oor al hierdie berigte en gesprekke te sê het. Namens die kerkraad dan net 'n paar opmerkings:

In die eerste plek glo ons dat 'n kerk die vermoë moet hê om met mekaar te verskil, selfs innerlike konflik moet kan beleef, sonder om uitmekaar uit te skeur. Verskil in opinies en konflik is ons insiens juis 'n teken van 'n gesonde kerk. Ons volg nie die leer van 'n pous of 'n paar uitgesoekte wyses nie.

Die gereformeerde siening oor soeke na die waarheid was altyd om soveel as moontlik van ons broers en susters om 'n tafel te hê en dan saam met mekaar die teenwoordigheid van die Heilige Gees op te soek. Hoe meer opinies, hoe meer gesprekke, hoe beter. Christen-broers en -susters is nie bang vir mekaar nie! Deur die eeue het verskeie worstelings oor die waarheid, te midde van ernstige verskille, terug verwys na 'n saambindende waarheid wat eeue oud is en wat se oorsprong onseker is. *Vryvertaal* sê dit: "In essensiële sake – eenheid; in rand sake – vryheid; in alle dinge – genade." Ons verlange is dat die openbare verdagmaking tot einde sal kom. Daar is meer as genoeg geleenthede vir ons om as broers en susters met mekaar in gesonde gesprek te tree. Kom ons werk eerder ongestoord voort aan die bediening wat aan ons toevertrou is.

In die tweede plek net 'n opmerking of twee oor die vraag van die vryheid van die kerkraad om etiese besluite te neem. Die gesprek in die media gaan natuurlik weer oor die lidmaat voorregte van ons gay lidmate. Sommiges vra dan hoe 'n kerkraad hieroor kan besluit. Ons het net 'n behoefte om te sê dat die neem van etiese besluite juis die kern van kerkraad-wees verwoord. Ter wille van die voorreg wat die Heilige Gees ons gee om hier te bedien, moet ons die hele tyd etiese besluite neem.

Die saamstel van 'n begroting is 'n voorbeeld. Watter bediening word ingesluit en watter nie? Hoeveel moet vir salarisse begroot word? Werkers verdien tog hulle loon. Hoeveel mag geormerk word om die gebou of klank toerusting op te gradeer? Dit alles terwyl ons besef daar is honger mense in ons omgewing. Die hele tyd mag die kerkraad nie vergeet nie: die fondse tot ons beskikking is dankoffers van gelowige lidmate. Wie trou ons en op watter voorwaarde? Wie se kinders doop ons en watter versekerings vereis ons van hulle? Watter raad gee ons aan gelowiges wat deur moeilike tye gaan? Die voorbeelde is daagliks nuut. Wat 'n onbeskryflike voorreg om juis in afhanklikheid van die Heilige Gees hierdie verantwoordelikheid te moet dra.

Om hierdie voorreg ten volle te benut, het die kerkraad van die NGK Bloubergstrand al baie jare terug reeds besluit dat alle lidmate presies dieselfde behandel sal word. 'n Gelowige lidmaat se seksuele oriëntasie sal nie 'n rol speel in die deel van die wonder van gemeente wees nie, so min as wat daar onderskeid gemaak sal word tussen gelowiges op grond van hul geslag, ras of sosiale stand nie. Om die waarheid te sê het nie eens lidmaatskap aan die gemeente enige kerkraadslid of leraar al verhoed om mense te versorg en by te staan nie. As die Gees van die Here 'n geleentheid skep om sy kinders te versorg is ons onmiddellik daar.

Ons hoop dit gee meer insig in ons denke, kom kuier asb. as daar nog enige verdere vrae is. Om die waarheid te sê, kom kuier sommer net! Maak 'n nota van die volgende datums:

- Deon Meiring kom kuier 19 April tydens die aanddiens by ons, hy is die sanger van die Afrikaanse bands 'Dans Dans Lisa' en 'Glaskas'.
- Ons finalejaars gaan op 'n Belydenis kamp die naweek van 1 – 3 Mei.
- Verlede jaar se Quiz Night was so gewild gewees dat hulle sommer dieselfde aand al gevra het dat ons dit weer doen, so hou asb. 29 Mei oop vir ons volgende Quiz Night!

“Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde in daede oorgaan.”

Gal 5:6b

Namens die kerkraad

Ds Thinus

Ds Elmarie

Ds Marietjie

Snapscan



Maandelikse debietorder vorms is beskikbaar in die voorportaal of kontak die kantoor

Bankbesonderhede: NG Kerk Bloubergstrand, ABSA Table View, Tjek rek nr: 327 014 0539, Takkode: 632005

WCSC5268